# Voting Times

Uitgereik deur Project Vote, in samewerking met Matla Trust

JOU STEM TEL!

Uitgawe Nr. 1

Januarie/Februarie 1993


# AFTELLING NA DEMOKRASIE

**Demokrasie is alles wat apartheid nie is nie. Stem vir demokrasie.**


**Deur te stem kan jy vir jou kinders 'n beter opvoeding verseker, asook beter boeke, beter onderwysers en uiteindelik 'n meer lonende beroep.**

**Deur te stem kan jy ook vir jouself beter behuising, 'n beter beroep, elektrisiteit en sanitasie verseker.**

**Demokrasie beteken vryheid, gelykheid, eenheid, respek, vrede, geleenthede en 'n meerderheidsregering.**

**Al wat nodig is vir bogenoemde om te gebeur, is dat genoeg stemme verkry word. Jy het die reg en die mag om te stem - en jou stem tel.**

**As jy iets wil doen om jou lewenskwaliteit te verbeter, maak dan seker dat jy stem. Indien nie vir jouself nie, dan vir jou kinders.**



Demokrasie moet 'n beter toekoms vir ons kinders meebring.

## Wat beteken jou stem?

Jou stem beteken dat jy 'n regering kan kies wat jy glo jou belange op die hart sal dra.

'n Regering wat daarna sal streef om vir almal water, elektrisiteit, beter skole en beter werk te gee.

Om te stem beteken dat jy jou waardigheid kan herstel en die vernerdering wat jy en jou kinders moes deurgaan, kan beëindig.

Om te stem beteken dat jou kinders met selfrespek en individuele waardigheid sal opgroei.

Jou stem is die begin van 'n beter lewe vir almal.



Stem vir 'n politieke party of organisasie wat sal help om 'n beter toekoms vir almal te skep.

PROJECT Vote


PROJEK VERKIESING IS 'N VERKIESINGSOPVOEDINGS-PROGRAM VAN DIE SENTRUM VIR ONTWIKKELINGSTUDIES (SOS) EN THE NATIONAL DEMOCRATIC INSTITUTE (NDI)
POSBUS X17
BELVILLE 7535



# Stem-vereistes

**Alle Suid-Afrikaners, (dokters, plaasarbeiders, onderwysers, huishulpe, students ens.) ongeag geslag, kleur en geloof sal toegelaat word om in Suid-Afrika te stem, solank hulle ouer as agttien jaar is, op of voor die verkiesingsdag.**

# HOE STEM JY?

Neem jou identiteitsdokument of enige ander vorm van identifikasie na jou naaste stemlokaal. Daar sal 'n persoon by die deur wees wat jou identiteit sal kontroleer en seker maak dat jy die korrekte ouderdom is om te stem.

## *Jou stem word geheim gehou*

Jy sal in 'n klein hokkie of kamertjie geneem word om jou stem uit te bring. Dit word 'n stem-hokkie genoem.

Jy gaan alleen in die stemhokkie in. Geen ander persoon kan sien vir wie jy stem nie.

Daar sal vir jou 'n stembriefie gegee word, waarop 'n lys van al die politieke party of organisasie is wat in die verkiesing meeding. Langs elke politieke party of organisasie se naam is daar 'n klein blokkie.



Jy moet 'n merkie in die blokkie maak, langs die naam van die politieke party of organisasie vir wie jy wil stem.

Al wat jy moet doen nadat jy 'n merkie gemaak het, langs die politieke party of organisasie vir wie jy wil stem, is om die stembriefie toe te vou en in die stembus te plaas.

En dit is al wat jy moet doen om te stem.

## *Dit is so eenvoudig*

## BALLOT PAPER

*(Make a cross next to the party or organisation of your choice)*

| | | |
|---|---|---|
| AFRICAN DEMOCRATIC PARTY | ADP | |
| AFRICAN NATIONAL CONGRESS | ANC | |
| AFRIKANER-VOLKSUNIE | AVU | |
| AZANIAN PEOPLE'S ORGANISATION | AZAPO | |
| BOPHUTHATSWANA NATIONAL PARTY | BNP | |
| CONSERVATIVE PARTY | CP | |
| DEMOCRATIC PARTY | DP | |
| DIKWANKWETLA PARTY | QWAQWA | |
| INKATHA FREEDOM PARTY | IFP | |
| INTANDO YESIZWE PARTY | IYP | |
| INYANDZA NATIONAL MOVEMENT | INM | |
| LABOUR PARTY OF SOUTH AFRICA | LP | |
| NATIONAL PARTY | NP | |
| NATIONAL PEOPLE'S PARTY | NPP | |
| PAN AFRICANIST CONGRESS | PAC | |
| SOLIDARITY PARTY | SP | |
| UNITED PEOPLE'S FRONT | UPF | |

* This is a sample and not an official ballot paper. Some of the above political parties / organisations may choose not to enter the elections.

# WAT IS 'N STEMBRIEF?


'n Stembrief is 'n amptelike vorm, waarop al die name en simbole van die politieke partye of organisasies, wat in die verkiesing meeding, verskyn. Langs elke politieke party of organisasie se naam en simbool, is 'n blokkie of sirkel. Dit sal van jou verlang word om 'n duidelike merkie binnein die blokkie of sirkel te maak, langs die naam van die politieke party of organisasie vir wie jy wil stem.

## SLEGS JY WEET VIR WIE JY STEM

Jou stem is 'n geheim. Moenie bang wees om vir die politieke party of organisasie van jou keuse te stem nie.
Slegs jy word in die stemhokkie toegelaat.
Jy merk jou stembrief.
Dus kan niemand sien vir wie jy gestem het nie.
Jy word nie toegelaat om jou naam op die stembrief te skryf nie.
Al hierdie dinge verseker dat jou stem geheim bly.
Jy is die enigste persoon wat sal weet vir wie jy gestem het.

## Wat is 'n stemlokaal?

Die stemkommissie sal 'n plek aanwys waar kiesers hulle stem kan uitbring op verkiesingsdag.
Stemlokale word gewoonlik by skoolsale, kerke, gemeenskapsentrums en ander plekke opgerig, omdat dit slegs tydelik van aard is.



# HOE OM TE STEM



1 Op verkiesingsdag moet jy na jou naaste stemlokaal gaan en gaan stem. (Jy moet een of ander vorm van identifikasie by jou hê.)



2 'n Verkiesingsbeampte sal jou identiteit kontroleer deur jou identiteitsdokument na te gaan.

3 'n Stembriefie met 'n lys van al die politieke partye en organisasies wat in die verkiesing meeding, sal aan jou gegee word.

**BALLOT PAPER**

*(Make a cross next to the party or organisation of your choice)*


| | | |
|---|---|---|
| AFRICAN DEMOCRATIC PARTY | ADP | |
| AFRICAN NATIONAL CONGRESS | ANC | |
| AFRIKANER-VOLKSUNIE | AVU | |
| AZANIAN PEOPLE'S ORGANISATION | AZAPO | |
| BOPHUTHATSWANA NATIONAL PARTY | BNP | |
| CONSERVATIVE PARTY | CP | |
| DEMOCRATIC PARTY | DP | |
| DIKWANKWETLA PARTY | QWAQWA | |
| INKATHA FREEDOM PARTY | IFP | |
| INTANDO YESIZWE PARTY | IYP | |
| INYANDZA NATIONAL MOVEMENT | INM | |
| LABOUR PARTY OF SOUTH AFRICA | LP | |
| NATIONAL PARTY | NP | |
| NATIONAL PEOPLE'S PARTY | NPP | |
| PAN AFRICANIST CONGRESS | PAC | |
| SOLIDARITY PARTY | SP | |
| UNITED PEOPLE'S FRONT | UPF | |


*This is a sample and not an official ballot paper. Some of the above political parties / organisations may choose not to enter the elections



4 Daarna gaan jy alleen na 'n stemhokkie om jou stem uit te bring. Dus geskied die stemming in absolute privaatheid. (Die hokkie is op so 'n manier ontwerp dat slegs jy sal weet vir wie jy gestem het.)

5 Wanneer jy binne die stemhokkie is, maak jy 'n merk in die blok of sirkel langs die politieke party / organisasie waarvoor jy wil stem.





6 Dan vou jy jou stembriefie en plaas dit in die stembus.

7 Die tel van die stemme vind plaas op laaste dag van die verkiesing.





8 Stemreg beteken dat jy 'n regering kan kies wat jy glo jou belange op die hart sal dra. En met so 'n regering kan dinge slegs beter gaan.

## ELKE STEM TEL!

**MAAK SEKER JY STEM VIR 'N POLITIEKE PARTY OF ORGANISASIE WAT 'N BETER TOEKOMS VIR JOU EN JOU KINDERS BIED.**


# Die kieskommissie

Dit is die groep mense wat al die administrasie tydens die verkiesing behartig. Hulle ontwerp kieswette en prosedures om te verseker dat mense bewus is van die reëls en regulasies met betrekking tot die stemproses. Hulle tref reëlings vir stemlokale en verseker dat die verkiesing oor die hele land vlot verloop. Die kieskommissie bestaan gewoonlik uit lede van alle partye. Hulle is die hoogste gesag en dus is alle verkiesingsbeamptes aan hulle verantwoordelik.



## *VERKIESINGSTYD*

**Die Kieskommissie sal die dag of dae en tye waarop die verkiesing plaasvind aankondig.**



## Wie is die verkiesings–beamptes en wat doen hulle?

Verkiesingsbeamptes is die mense wat tydens 'n verkiesing die kiesers help. Hulle vertel die kiesers wat om te doen en waarheen om te gaan.

Daar is verskillende tipes verkiesingsbeamptes:

STEMTOESIGHOUERS wat ook monitors genoem word, is partybeamptes of selfs onafhanklike plaaslike en internasionale monitors wat toesig hou oor die stemproses tydens die verkiesing. Hulle hou ook toesig oor die tel van stemme wanneer die stemmery tot 'n einde loop.

DIE VOORSITTENDE BEAMPTE is die verkiesingsbeampte wat toesig hou oor die stemmery by elke stemlokaal. Hy of sy is verantwoordelik vir die algemene werking van die stemmery tydens verkiesingsdag.

Nog 'n tipe verkiesingsbeampte is die STEMOPNEMER. Hy aanvaar nominasies, reël stemlokale, personeel en toerusting vir die verkiesing, en behartig die tel van stemme.

# Wat is politieke partye of organisasies?

’n Politieke party kan óf uit ’n klein groepie besorgde individue óf uit miljoene burgers bestaan.

’n Party of organisasie se ideologie of beleidsdoelstellings weerspieël die lede se gedeelde waardes en belange.

Die meeste partye of organisasies maak van simbole gebruik as hulle kenteken.

Simbole is maklik om te herken en maak dit makliker vir mense wat nie kan lees nie om te stem.

Die amptelike verklaring van ’n politieke party of organisasie se benadering tot die regering, visie van die samelewing, waardes en ideale, word saamgevat in ’n manifes.

Hierdie lywige dokument is die resultaat van ’n uitgebreide konsultasie- en besluitnemingsproses binne ’n politieke party of organisasie.

’n Politieke party of organisasie sal sy manifes in verskeie vorms aan die publiek beskikbaar stel.

Gewilde metodes waarvan gebruik gemaak word is koerant-advertensies, boeke, pamflette, toesprake, liedjies en slagspreuke.

## *Werwing*

Dit vind plaas wanneer politieke partye of organisasies plakkate opsit en byeenkomste hou om mense te motiveer om vir hulle te stem. Dit behels deur-tot-deur veldtogte. Jy kan verwag dat verteenwoordigers van verskeie partye jou sal besoek om jou stem te probeer werf. Werwing kan ook die vorm van publieke vergaderings aanneem waar 2 of meer party verteenwoordigers gesprek voer.

Dit kan ook op radio of televisie geskied waar hulle hul mening oor sekere sake lig.



## Een mens, een stem

Enige persoon wat kwalifiseer, kan op verkiesingsdag stem, en word slegs een stem toegelaat. Jou stem dra dieselfde gewig as enige ander persoon se stem.

# DIT IS JOU REG OM TE STEM

Indien jy ouer as agttien jaar is, op of voor die verkiesingsdag, is dit jou reg om in Suid-Afrika te stem.
Dit is ook jou plig.
Dit is veilig om te stem.
Op die verkiesingsdag sal die Voorsittende Beampte die aantal ongebruikte stembriewe tel.
Hy of sy sal dan die stembus oopmaak om aan almal te wys dat dit leeg is.
Daarna sal die Voorsittende Beampte dit weer met 'n lyn vasmaak.
Dit word gedoen om te verseker dat daar geen ongerymdhede plaasvind nie en dat die stemming vry en regverdig geskied.
Net jy word in die stemhokkie toegelaat. Slegs jy sal weet vir wie jy gestem het. Indien enigiemand jou probeer intimideer om vir hulle te stem of probeer uitvind vir wie jy gestem het, onthou dan net:
Dit is jou stem en jy het nie nodig om vir enigiemand te sê vir wie jy gestem het nie, al doen hulle wat. Daar sal voldoende verkiesingsbeamptes wees aan wie jy intimideerders kan rapporteer.
Moet dus nie geïntimideer word nie!
Jy het beskerming. Jy het 'n reg - en jy het 'n stem.
Al wat jy nou moet doen is om dit verantwoordelik te gebruik.



## Jou stem tel!

Deur te stem kan jy jou lewe verander.
Jy kan jou kinders se lewe verander.
Jy kan die toekoms van die land verander.
Moenie dink dat jou stem nie tel nie.
Dit tel besonder baie. Net soos een sent die verskil tussen 99 sent en een rand kan maak, kan jou stem ook 'n verskil maak tussen 'n regering wat jy verkies en een wat jy nie verkies nie.



## MOENIE GEÏNTIMIDEER WORD NIE

*Somige individue sal probeer om mense te intimideer om in 'n sekere rigting te stem. Hulle kan dit doen deur mense die volgende te vertel: Jy sal jou werk verloor indien jy nie vir 'n spesifieke party stem nie. Hulle kan ook gewelddadig in hul intimidasie wees. Moenie geïntimideer word nie! Daar is geen manier waarop enigiemand sal weet vir wie jy gestem het nie. Jy kan intimideerders óf aan die owerhede óf aan die verkiesingsbeampte rapporteer.*



Printed by Caxton Ltd.